# JEUG: PAASFEES HERDENKING

1. **PRAISE EN WORSHIP**

2. **YSBREKERS: Left / Right game**

3. **PAASFEES:**

***Nota aan die leiers***:
Elke groep kry vir hulle ‘n plekkie waar hulle rustig kan sit en werk en gesels. Daar is verskeie artikels wat op die kerkterrein weggesteek is. Julle gaan ‘n lys kry waarop die artikels wat julle moet gaan soek weggesteek is. Kry eers al die artikels voordat julle met die les begin, anders gaan jy sukkel om die kinders rustig te hou tydens die les. Elke artikel het ‘n betekenis rondom die paasverhaal en moet apart aan die kinders verduidelik word.

Artikels wat gevind moet word:

| ***Artikels wat gesoek moet word*** | |
|---|---|
| 1. | Geel stuk lap |
| 2. | Swart stuk lap |
| 3. | Rooi stuk lap |
| 4. | 1 lang en 1 kort plankie hout per groep |
| 5. | 3 spykers per groep |
| 6. | Brood (een bun per groep) |
| 7. | Pers lap |
| 8. | ‘n Leë houer |

## Process die les:

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 1:** | Geel lap |
| **2** | **Instruksie:** | Gooi die geel lap op die vloer tussen julle of op die tafel voor julle |
| **3** | **Bybelvers:** | ***1 Joh 1:5*** God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. |
| **4** | **Process:** | 1. Die kleur geel laat ons aan lig, die son en lewe dink.<br>2. 1 Joh 1:5 sê dat God lig is, soos die geel, en dat daar niks donker in Hom is nie.<br>3. Omdat God sonde haat kan ‘n sondaar nooit in die hemel kom nie |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 2:** | Swart lap |
| **2** | **Instruksie:** | Gooi nou die swart lap bo-oor die geel lap |
| **3** | **Bybelvers:** | ***Rom 3:23*** want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God |
| **4** | **Process:** | 1. In Rom 3:23 lees ons dat ALMAL gesondig het, daar is selfs nie EEN hier op aarde wat sonder sonde is nie<br>2. Sonde is ongehoorsaamheid aan God<br>3. Sonde neem ons weg van God af<br>4. As ons nie ons sondes laat staan nie, kan ons nooit by God uitkom nie<br>5. Daar is net EEN manier om by God uit te kom. |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 3:** | Rooi stuk lap |
| **2** | **Instruksie:** | Gooi nou die rooi lap bo-oor die swart lap |
| **3** | **Bybelvers:** | ***Joh 3:16-17*** Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. |
| **4** | **Process:** | 1. Maar God het ons SO lief, dat Hy 'n plan gemaak het, sodat die van ons wat die KEUSE maak om Jesus aan te neem, nie hel toe hoef te gaan nie<br>2. Daar is net EEN manier om by God uit te kom, en dis deur die bloed van Jesus Christus – Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 4 en 5** | 2 stukkies hout en die 2 spykers |
| **2** | **Instruksie:** | Laat die kinders jou help om 'n kruis aanmekaar te kap<br>Wanneer julle klaar is sit dit kruis op die rooi lap neer |
| **3** | **Bybelvers:** | ***Jes 53:5 lees***: Hy is ter wille van ons oortredings deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel en die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom |
| **4** | **Process:** | 1. Voordat julle die kruis aanmekaar spyker, voel gou aan die punt van die spyker, voel hoe skerp dit is<br>2. Imagine nou daai spyker word deur jou hande en deur jou voete geslaan, dink net vir EEN oomblik daaraan.<br>3. Jesus het soveel meer as dit vir JOU en my deurgegaan, die Bybel sê Hy is verbrysel, deurboor en mishandel – en dit het Hy vir JOU gedoen.<br>4. Dink net vir 'n oomblik hoe erg dit moet wees om DIT vir iemand deur te maak, en dit beteken NIKS vir daai persoon nie, dis vir hulle asof dit nooit gebeur het nie!<br>5. En DIS wat gebeur wanneer ons NIE ons lewens vir Jesus gee nie, dis vir ons so goed asof Jesus nooit aan die kruis gesterf het nie.<br>6. Die soort lewe wat ons lei is vir ons belangriker as dit wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het! |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 6:** | Druiwesap, brood en die glasies ***(kry asb die druiwesap en glasies VOORDAT julle begin by my!!!)*** |
| **2** | **Instruksie:** | 1. Die kinders wat by hulle eie kerke nagmaal gebruik gaan nou nagmaal gebruik<br>2. Lees die deel oor die nagmaal vir die kinders voor, voordat hulle dit gebruik. Deel eers alles uit voordat jy begin lees, en process ook eers die nagmaal voordat hulle dit gebruik<br>3. Gebruik wysheid wanneer julle by die gebruik daarvan kom asb – vra die Heilige Gees om jou te lei oor HOE jy dit in jou groep moet doen om die wat nie reg is nie die kans te gee om eerder nie te gebruik nie, en nie uit groepsdruk gebruik nie! |
| **3** | **Bybelvers:** | ***1 Kor 11:23-30:*** 23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; 24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy |

| | | |
|---|---|---|
| | | kom. 27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. 28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. 29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. 30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. |
| **4** | **Process:** | 1. Wanneer ons die nagmaal gebruik, dan dink ons aan dit wat Jesus vir ons aan die kruis kom doen het<br>2. Ons maak dit ons eie – so ons sê daarmee dat ek dit vir MY vat.<br>3. Wanneer ek die nagmaal gebruik moet ek SEKER maak dat my hart reg is met God, maar ook met die mense om my, want ander drink ek 'n oordeel oor myself – ek kan siek raak, of selfs doodgaan as ek die nagmaal net vir die grap gebruik, maar my lewe is nie reg met God en met die mense om my nie<br>4. As jy NIE vanaand nagmaal kan gebruik nie, moet eerder nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 7:** | Pers lap |
| **2** | **Instruksie:** | 1. Lees die Bybelvers, en soos jy dit lees vra jy 'n kind om die lap in 2 te skeur<br>2. Vat die lap en drapeer dit oor die kruis |
| **3** | **Bybelvers:** | ***Mark 5:37-38*** : Maar Jesus het met 'n groot stem geroep en die laaste asem uitgeblaas. 38 En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo tot onder. |
| **4** | **Process:** | 1. Die voorhangsel was 'n stuk gordyn wat in die tempel gehang het, wat 2 dele van die tempel van mekaar geskei het.<br>2. Ons gewone mense kon net in die eerste deel van die tempel kom, en NET die priester kon in die 2de deel – daar waar God was - kom.<br>3. Met Jesus se kruisiging het God hierdie gordyn laat skeur om vir ons die teken te wees dat ons as gewone mense ook nou direk met God kan praat, en dat ons nie meer 'n priester nodig het om dit VIR ons te doen nie!<br>4. Ek en jy het nou DIREKTE toegang tot God – dag en nag – 24/7 – deur gebed! |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Artikel 8:** | Leë houer |
| **2** | **Instruksie:** | Sit die leë houer op die lap voor julle neer en lees die Bybelvers |
| **3** | **Bybelvers:** | Luk 24:1 -3: En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. 2 En hulle het die steen van die graf afgerol gevind. 3 En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie. |
| **4** | **Process:** | 1. Die leë graf is vir ons BAIE belangrik, want vir ons as kinders van God sê dit dat Jesus die dood oorwin het – dat Hy nie meer dood is nie<br>2. Dit beteken dat ek 'n lewendige God aanbid wat so groot is dat Hy selfs iemand uit die dood kan opwek – en dat NIKS daarom vir Hom onmoontlik is nie – selfs nie eers die dood nie<br>3. Wanneer ek na die kruis kyk, herinner dit my aan die groot offer wat Jesus vir my gebring het, maar ook dat MY God leef, en EK daarom elke dag as 'n oorwinnaar / wenner kan leef! |